**AANBEVELING GOEDGEKEUR**

4.8.4 Die Sinode vat al die besluite rakende die %-bydrae sedert stigting van die AP kerkverband in 1987 tot 2010 saam in die volgende stuk –

1. Die basis van sinodale bydraes:

Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie bereken op die netto *inkomste* [1]. Netto inkomste word bereken nadat *vrygestelde inkomste* [2] afgetrek is van die totale inkomste.

Die persentasie word deur die Sinode vasgestel, onderhewig aan die besluit bepaal in 1998, nl. dat sy lopende uitgawes bereken word volgens beskikbare inkomste (Handelinge 1993, bl. 259, pt. 6.2.1.7). Die persentasie is tans 15%. [Dit impliseer dat indien alle gemeentes hul 15% betaal en daar surplus realiseer, die 15% verlaag kan word om die surplus aan die gemeentes terug te gee by wyse van 'n %-verlaging.]

2. Toepassing van die besluit:

[1] *Inkomste* sluit o.m. in:
Dankofferbydrae, eredienskollektes en netto inkomste uit fondsinsamelingsprojekte; insamelings deur susters, jeug, Diakonie ens.; rente ontvang op beleggings van die Kerkraad.

[2] *Vrygestelde inkomste* sluit o.m. in:
Saaklike (eiendomlike) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, orrel, nagmaalservies) word nie bereken met die %-bydrae nie. Wanneer eiendom wat geskenk is, onprakties geleë is vir gebruik deur die gemeente, kan so 'n eiendom vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom bereken gaan word met die %-bydrae, met dien verstande dat die fondse aangewend sal word vir meer geskikte eiendom. Sou die geskikte eiendom wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die %-bydrae berekenbaar (Handelinge 1988, bl. 43, pt. 8.1.12).

Die Sinode besluit dat 'n erflating met sy betrokke voorwaardes nie onderworpe gestel kan word aan die %-bydrae nie (Handelinge 1997, bl. 284, pt. 3.20), (Handelinge 1991, bl. 304, pt. 2.8.4.6).

In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetaal, nie 'n tweede keer bereken vir die %-bydrae nie (Handelinge 1993, bl. 259, pt. 6.2.1(4)). Dit geld ook vir geldelike hulp wat vanuit die Sentrale Kerkekommissie se Bedieningsfonds ontvang word.

Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie inkomste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, raak dit inkomste en word dan met die %-bydrae bereken (Handelinge 1993, bl. 259, pt. 6.2.1 (5)).

Daar word geen 15% gehef op die bestellings en skenkings van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* nie (Handelinge 2004, bl. 450, pt. 158.7).

Daar word geen %-bydrae bereken op gelde wat ontvang word deur die Kerkraad namens 'n derde party (*ander instansie nie onder beheer van die Kerkraad*) soos bv. Die Bybelgenootskap, Willie Lubbe Teologiese Studiefonds, die AP Akademie, Skole, Barmhartigheidsaksies soos Volkshulp 2000 nie. Die inbetaling word net so uitbetaal.

3. Aanwending van die sinodale bydrae:

Die sinodale bydrae word verdeel in die verhouding:
⅔ aan die GKK vir administrasie, publikasies en geldelike hulp aan gemeentes en mediese fonds bydrae van emeriti; en
⅓ aan die AP Akademie vir teologiese opleiding en administrasie.

4. Kontrolebesluite oor die %-bydrae:
Sertifikaat deur 'n ouditeur: Die Sinode versoek Ringe om toe te sien dat 'n sertifikaat (F10-vorm) deur 'n ouditeur verskaf is dat elke gemeente 15% van sy kontantinkomste aan die Kerkkantoor oorbetaal het, soos die Sinode besluit het (Handelinge 1991, bl. 303, pt. 2.8.4.4).

Die Sinode besluit dat 'n lidmaat van 'n gemeente wat 'n geoktrooieerde rekenmeester of 'n kommersiële en finansiële rekenmeester is, kan optree as ouditeur van die betrokke gemeente, mits hy nie op daardie stadium 'n dienende kerkraadslid is nie (Handelinge 2001, bl. 472, pt. 16.1).

Die Sinode besluit om gemeentes wat agterstallig is deur die Ring aan te spreek om hulle 15%-verantwoordelikheid na te kom (Handelinge 1991, bl. 351, pt. 3).

Die Sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15%-bydrae, daarvoor aanspreeklik bly en die agterstallige bedrag moet vereffen (Handelinge 1999, bl. 326/355, pt. 2.2.1).

Die Sinode besluit dat die GKK volmag kry om in die toekoms gemeentes se agterstallige 15%-skuld gedeeltelik of geheel en al af te skryf na gelang van die omstandighede wat die agterstalligheid veroorsaak het en na deeglike studie van die gemeente se omstandighede – met verslag aan die volgende Sinode (Handelinge 2004, bl. 362, pt. 158.7).

Die Sinode besluit dat, as gemeentes in gebreke bly om hul finansiële verpligtinge soos neergelê deur die Sinode, na te kom of nagelaat het om reëlings te tref met die GKK, hulle hul stemreg op die eersvolgende Sinode verbeur (Handelinge 2004, bl. 447, pt. 156.3 (3.2)).

<u>Alle vorige sinodebesluite rakende die %-bydrae is in bogenoemde stuk geïnkorporeer en alle vorige besluite oor die %-bydrae word hiermee herroep en met bogenoemde besluit vervang.</u>